Om God te hoor...

Dr André Kilian - Doen goed.....

Ons wil in die volgende paar weke saamdink oor wat ons by God hoor in hierdie tyd as gemeente en hoe ons Hom hoor. Ons is deelnemers in Sy koninkryk en oppad saam met God wil ons in gesprek bly met Hom en goed luister.

Lees Rom 5: 12-17

Romeine 5: 17 is die basis van ons verhouding met God binne die koninkryk. Deur een mens (Adam) het die gebrokenheid en dood gekom – dood verwys na die toestand van die wereld. Die mense moet deur genade en as gevolg van die werk van Jesus Christus heers in die koninkryk deur goed te doen. Baie mense probeer alleen in hulle koninkryke regeer en die uiteinde is dikwels die dood (figuurlik). Ons elkeen het die genade (vers 17) nodig om ons te help om te heers en goed te doen in die koninkryk en Jesus Christus bring die genade – in die koninkryk is ons oppad met Jesus en in gesprek met Hom deur die verhouding.

Christ got us out of the mess Adam got us into (Achtemeier).

Kies om die goeie te doen en die koninkryk te laat kom daar waar jy is – luister fyn jy wee twat die goeie is.

Dallas Willard – hearing God is not an episode, it is a life.

'n paar vrae:

- Kies een plek waar jy doelbewus iets goeds kan gaan doen daar waar jy is.
- Dink en gesels oor verskillende maniere waarop ons onderskei tussen goed en kwaad met voorbeelde.
- Hoe kan die kerk bydrae om die goeie in hierdie tyd te doen?

SUIDER-PAARL GEMEENTE

...Want Jesus is Anders...

Wees Anders...